Maandag 7 Desember

Skrifgedeelte: Psalm 36:1-13

Fokusgedeelte: Psalm 36:8, 9 (AFR2020)

## God se getrouheid te midde van 'n sondige wêreld

Kontraste of teenoorgesteldes word dikwels gebruik om bepaalde eienskappe te beklemtoon. Dwaasheid om te beklemtoon hoe ware wysheid lyk. Duisternis om die nood vir lig uit te lig. Die sondige wêreld sodat ons werklik die heiligheid van God kan begryp.

Hierdie kontraste word ook vir ons sigbaar in Psalm 36. Die boosheid van die mensdom en God se getrouheid word teenoor mekaar gestel. Die psalm begin by die sondeverlorenheid van die mens en eindig by die volmaakte getrouheid van God. In beide hierdie elemente sien ons die kosbare troos om jou vertroue in God te stel. Die psalm begin met die verdorwe hart van die mens. *"Daar is geen vrees in sy oë nie."* Hierdie totale verdorwenheid is iets wat elke mens moet besef. Ons is almal in sonde ontvang en gebore. Die sondaar is geneig om sy eie sonde te ontken en homself beter te ag as wat hy werklik is. Hierdie eienskappe is nie net vir die sondaar "daar ver" nie, maar vir elkeen van ons wat ver is van God se genade af. Sonde is nie net 'n uiterlike optrede nie, maar 'n hart wat rebelleer teen die Here. Dit wat hy sien, dink en uitleef, getuig dat hy ver van die Here af is. Hy kies aktief teen die goeie en jaag die slegte na.

Van vers 6 af word die kontraste skerp uitgewys. Die Here se troue liefde reik tot by die hemel. Wat 'n heerlike kontras. Sy getroue liefde en getrouheid aan sy verbond strek veel hoër as wat die sonde van die mensdom ooit kan bereik. Sy getrouheid reik tot by die wolke, sy geregtigheid tot by die berge en sy regsprake soos die oerwater. Hierdie beelde is nie net hiperbole in poëtiese taal nie. Dit beklemtoon die onbegrensde grootheid en onveranderlikheid van God se karakter.

Die getrouheid van God bereik 'n hoogtepunt in Jesus Christus. In Christus sien ons die geregtigheid en genade wat die sondaar met ope arms verwelkom. Die sondaar wat sy verlossing buite homself soek, vind dit in die skadu van die vlerke van God. Hierin word die kruis as volmaakte versoening reeds vooruit verkondig. Danksy hierdie versoening word die sondaar regverdig voor God verklaar. Die regverdige is nie meer vasgevang in sy eie sondige toestand nie, maar kan deel in die rykdom en oorvloed wat daar by Christus te vind is.

Die psalm eindig met 'n gebed waarin die regverdige sy verlange uitspreek dat God sy troue liefde sal bewys aan elkeen wat die Here ken. Die gedagte is nie hier dat God se getrouheid teruggehou word nie, maar juis as 'n persoonlike versekering dat God getrou sal bly aan sy verbond, ook aan die komende geslagte. Die psalmdigter vertrou dat God getrou sal wees aan die regverdiges selfs wanneer die sonde nog woed in die wêreld.

Ons leef steeds in 'n wêreld waar die rebellie van die sonde duidelik sigbaar is. Maar God se liefde en trou strek groter en wyer as enige sondige boosheid. Daarom kan ons ons troos vind in die feit dat God die goddelose sal verneder, maar die regverdige sal laat deel in die volgehoue trou van die Here tot in ewigheid.

*Sing: Psalm 86-1:6*

*Ds. PF (Peter) Venter (Hoëveld/Witbank)*